higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## KUNSGESKIEDENIS N6

## 13 NOVEMBER 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Wanneer hy/sy Kunsgeskiedenis nasien, moet die nasiener onthou dat daar nie slegs 'n enkele handboek is om as gids te gebruik nie.

2. Verskillende boeke word gebruik, maar 'n mens kan nie 'n feitelike memorandum soos in die geval van ander vakke opstel nie. Die student se eie interpretasie en argumente behoort oorweeg en geëvalueer te word.

3. Die nasiener moet die vak ken en ontvanklik wees vir dit wat die leerder skryf.

4. Studente moet al die vrae in AFDELING A beantwoord (140 punte) en slegs DRIE in AFDELING B beantwoord (60 punte). TOTAAL = 200

---

**LET WEL:** Nasieners moet antwoorde met soortgelyke of verwante verduidelikings of menings vir AFDELING A aanvaar. Gee 'n punt vir 'n goed geformuleerde, verstandige en oortuigende gedagte of sin.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 A: Die tegniek verskil van B in die opsig dat dit saamgestel is uit 'n gekrabbel en soms onbeheerste kronkelrige lyne om 'n growwe tekstuur te skep. Kante van die portret is afgebroke, met lang, ekspressiewe lyne. Steeds duidelike detail op gelaatstrekke, byvoorbeeld oë, neus en mond. Die liggaam word onvoltooid gelaat.

B: Dit word met meer beheerste, kort kruisarseringsmerke geskep. Lyn word gebruik om rigting en vorm aan die gesig te gee, met goeie besonderhede wat die oë en mond betref. (2 + 2) (4)

1.1.2 A: Kontras en toon blyk sterker as by B te wees weens wit agtergrond en sterk, ongevoelige aanbring van merke.

B: As gevolg van grys agtergrond en noukeurige lewering lyk dit asof die werk minder kontras besit. In albei werke lyk dit asof die ligbron van voor en die middel afkomstig is. (1 + 1) (2)

1.1.3 A: Ekspressief, dog komies, asof hy iemand soen/lippe tuit.

B: Kan pyn aandui, asof hy gil of gelukkig is en hardop lag. (1 + 1) (2)

1.2 Motiveer watter EEN van die kunswerke jy verkies. Maak voorsiening vir student se eie argumente. (2)

**[10]**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Tegniek is oorspronklik en kreatief. Gebruik kouse wat klaarblyklik met spons/watte of 'n sagte stof opgestop is. Dit is gevorm om 'n afbeelding van 'n persoon te gee, en word met gekleurde spelde bymekaargehou. Velkleurige kouse wat verskillend gevorm is, skep lewensgetroue gelaatstrekke. (4)

2.1.2 Herhaling van soortgelyk gevormde opgestopte kouse en gekleurde spelde. (2)

2.1.3 C: Lewensgetrou, met weinig uitdrukking in die gesig – blyk tevrede en selfs gelukkig te wees.

D: Figuur lyk oud en ontsteld weens skewe mond en skuinsgedraaide kop. Laat ander interpretasies toe. (2)

2.2 Maak voorsiening vir student se eie argumente. (2)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Statiese komposisie as gevolg van vertikale lyne wat deur sonneblomstingels geskep word. Dit word gekontrasteer met die horisontale lyn wat deur die figuur onder op die voorgrond geskep word. Geen diagonale lyne nie; dus kan die komposisie nie dinamies wees nie. Sommige studente kan na 'n gevoel van rustigheid verwys as gevolg van die herhaalde sirkelvormige vorms van die sonneblomkoppe. Gebrek aan dinamiek in kleur dra tot statiese komposisie by. (4)

3.2 Atmosferiese perspektief geskep deur middel van groot kontras op voorgrond, sigbaar in sonneblomkoppe en figuur. Minder kontras op agtergrond, agter die stingels, skep diepte. Ruimte word geskep deur middel van subtiele kleur- en toonprogressie, met warmer kleure op die voorgrond en kouer of grys kleure op die agtergrond. Positiewe ruimte van figuur en blomme met warmer kleure en meer ekspressiewe hale, terwyl agtergrond vereenvoudig word deur subtiele toon en kleur. (4)

3.3 Figuur op voorgrond, aangesien dit die enigste figuur is en uitstaan teen die agtergrond. (2)

3.4 Kiefer het probeer om skakels tussen die individu en die universele te vind. Hy verken die belangrikheid van die konstellasies as deel van die sikliese aard van tyd en die lewe. Die werk is dus persoonlik van aard, maar laat die student se eie interpretasie van die betekenis toe. (2)
**[14]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

4.1 Ontleed komposisie volgens fokuspunt, gebruik van ruimte, skepping van diepte, ensovoorts. Student se argument moet oortuigend wees. (3)

4.2 Gebruik van medium en tegniek, byvoorbeeld ekspressiewe gebruik van lyn, toon, kleur, ensovoorts. (3)

4.3 Maak voorsiening vir student se eie argumente. (2)
**[8]**

**VRAAG 5**

Kunswerke: *Impression Sunrise, Rouen Cathedral, Saint-Lazare Train Station* of enige ander kunswerk. Studente moet na die invloed van fotografie en lig verwys. 'n Bietjie agtergrondinligting en 'n kort bespreking oor die uitvinding van pigmente en die invloed van die kamera/fotografie behoort as korrek aanvaar te word. Gee ook punte vir ander eienskappe van Impressionisme. **[20]**

**VRAAG 6**

Gauguin word erken vir sy vereenvoudigde en simboliese gebruik van vorm en kleur, met 'n sterk godsdienstige en filosofiese invloed in sy werk. Gekose kunswerke kan die volgende insluit: *Where Do We Come From? What are We? Where are we Going?* OF *Jacob wrestling with the Angel* OF *Yellow Christ* of enige ander toepaslike werk.

Ander kunstenaars: Van Gogh. Kunswerke deur Van Gogh sluit in: *Night Cafe* of *Starry Night.* Cezanne: Kunswerke sluit in *Mont Sainte-Victoire* of enige ander toepaslike kunswerk. Verwys byvoorbeeld na sy analitiese styl; motief, eienskappe van lyn, vlak en kleur en hul onderlinge verhoudings; die afbreek van die natuur tot sy eenvoudigste vorm – kubus, silinder, sfeer en keël – en gelyke belangrikheid van voorgrond en agtergrond. **[20]**

**VRAAG 7**

Die student moet hierdie stelling as vertrekpunt gebruik en die eienskappe van die Fauvisme bespreek deur na Matisse se kunswerke te verwys. Gee punte vir bondige besprekings oor agtergrond, definisie en die oorsprong van die term Fauvisme (maksimum 5 punte). Die student behoort die eienskappe van Fauvisme te bespreek deur na kunswerke soos die volgende te verwys: *Madame Matisse, Red Room, Woman with the Hat* of enige ander werk. Verwys na die vereenvoudiging van vorm; willekeurige afgeplatte gebruik van kleur om ruimte te skep, en dik buitelyne. Studente moet die eienskappe van die beweging deur middel van ontleding van die kunswerke bespreek. **[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 8**

8.1 Verwringing van vorm.

8.2 Keuse van onderwerp.

8.3 Ekspressiewe en arbitrêre gebruik van kleur.

Studente behoort verteenwoordigende kunstenaars te kies, byvoorbeeld: Kirchner/Nolde/Heckel of Schmidt-Rottluff van The Bridge. Verwys na die kunstenaars se verwringing van vorm vir emosionele effek en die invloed van hul ervaring van stedelike leefwyse. Bespreek elke kunstenaar se keuse van onderwerp en tegniek, byvoorbeeld: botsende tone, ekspressiewe gebruik van kleur en hoekige, byna aggressiewe kwashale. **[20]**

**VRAAG 9**

*Les Demoiselles d'Avignon* (Cezanne-fase), byvoorbeeld: dui op 'n radikale wegbeweeg van tradisionele komposisie en perspektief in skilderwerk. Dit beeld vyf naakte vroue uit. Die figure bestaan uit plat, versplinterde vlakke en hul gesigte is geïnspireer deur Iberiese beeldhouwerk en Afrika-maskers. Die saamgeperste ruimte wat die figure beslaan, lyk asof dit vorentoe projekteer in skerp skerwe, ensovoorts (tot 12 punte aanbeveel).
Sintetiese Kubisme: Implementering van collagetegnieke en vasplak van voorwerpe, koerant of materiaal op die doek, byvoorbeeld: Picasso se *Still Life with Chair-Caning* (tot 8 punte aanbeveel). **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 140**

**AFDELING B**

Beantwoord DRIE van die volgende vrae:

**VRAAG 10**

Die student moet die stilistiese eienskappe van Futurisme ontleed deur die werk van TWEE of meer futuristiese kunstenaars te bespreek. Kies uit Boccioni, Balla of Severini. Studente behoort 'n bietjie agtergrondinligting te gee, byvoorbeeld oor die Futuristiese Manifes of motivering vir hierdie nuwe manier om kuns te beoefen. Antwoorde kan verwysings na historiese, geografiese, godsdienstige, ekonomiese en ander invloede insluit. Verwys na die verheerliking van oorlog en spoed – studente behoort te verwys na spesifieke voorbeelde asook die gebruik van verskillende materiale en tegnieke. Hulle moet toepaslike eienskappe met verwysing na spesifieke kunswerke noem. **[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 11**

Studente behoort die werk van Malevich te bespreek, byvoorbeeld *Suprematist Composition: Airplane Flying 1915.* Hulle kan na meer as een werk verwys. Laat studente toe om die agtergrond van en invloede op hierdie beweging of kunstenaar te bespreek. **[20]**

**VRAAG 12**

Studente moet minstens twee van Mondrian se kunswerke bespreek om hul ontleding van De Stijl-eienskappe te ondersteun. Studente moet die agtergrond en oorsprong van De Stijl bespreek, met verwysing na die invloed van kubisme. Hulle moet na die volgende eienskappe verwys: Dit skep stabiliteit en orde ná die chaos wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is. Die gebruik van slegs swart, handgeskilderde horisontale en vertikale lyne; slegs primêre kleure – rooi, blou en geel; vereenvoudiging van vorm in verskillende vorms – vierkantig en reghoekig; goed gebalanseerde komposisies, wiskundige benadering tot skilderwerk, ensovoorts. **[20]**

**VRAAG 13**

Duchamp se kunswerke kan insluit: klaargemaak – *Fountain,* ondersteunde klaargemaaktes – *LHOOQ,* seksmasjiene/meganiese kunswerke – *Large Glass*, mobiele werke, werke wat per ongeluk geproduseer is; *Bottle rack, Nude descending the staircase* of enige ander toepaslike werk. Of Jean Arp: *Collage Arranged According to the Laws of Chance.* Tydens die bespreking van die kunswerke behoort studente die verskillende eienskappe eie aan Dada te noem. **[20]**

**VRAAG 14**

Dali-kunswerke: *The Persistence of Memory; Burning Giraffe; The Elephants; Swans reflecting Elephants* of enige ander kunswerke, insluitend beeldhouwerke. Studente moet die eienskappe van surrealisme in hul bespreking van die kunswerke beklemtoon. Hulle moet kortliks die twee strominge in die beweging bespreek: Naturalistiese Surrealisme – herkende tonele wat in droom- of nagmerriebeelde gemetamorfoseer het; en biomorfisme of surrealistiese outomatisme – die skepping van kuns sonder bewuste beheer. Hulle kan ook meer invloede noem of oor die invloed van Freud en die onderbewuste uitbrei. Hulle kan verwys na verskillende tegnieke wat gebruik word, omdat dit deel van die eienskappe is, byvoorbeeld outomatisme, toeval, frottage, outomatiese tekening. **[20]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 15**

Bespreek kunswerke deur Jackson Pollock. Verwys na die skeppingsproses, byvoorbeeld om die doek op die vloer uit te rol, verf te drup en oor die kunswerk te loop; om verf met sand te meng; keuse en uitsny van die beste deel of stuk van die kunswerk, byvoorbeeld *Lavender Mist, She-Wolf.*

Kies 'n ander kunstenaar, byvoorbeeld Willem de Kooning, bekend vir aksieskilderkuns. Verwys na De Kooning se groot, vry kwashale, energieke aanwending, wegskraping, rouheid en intensiteit, kragtige interaksie met doek. Studente wat die *Woman series* of kleurveldskilderkuns kies, moet verwys na werke deur Rothko, met toepaslike voorbeelde van kunswerke, byvoorbeeld *Nr 14,* of verwys na Barnett Newman of Helen Frankenthaler. **[20]**

**VRAAG 16**

Studente kan verwys na kunswerke deur TWEE van die volgende: Close, Estes, Pearlstein, Hanson of enige ander. Verwys na elke gekose kunstenaar se keuse van onderwerp. Verwys spesifiek na die invloed en konsepte van fotografie en die reaksie teen Abstrakte Ekspressionisme. Studente kan ook verwys na die verhouding tussen fotografie en massamedia. **[20]**

**VRAAG 17**

Verteenwoordigende voorbeelde van Amerikaanse Popkuns sluit kunstenaars soos Warhol, Rauschenberg, Johns, Rosenquist, Oldenburg en Lichtenstein in.
Aangesien elke kunstenaar se tegniek en onderwerp so uniek is, moet die student elke werk noukeurig kies en bespreek. 'n Student kan na meer as een kunswerk deur die gekose kunstenaar verwys. **[20]**

**VRAAG 18**

Joseph Beuy, byvoorbeeld: *How to Explain Pictures to a Dead Hare; Homogenous Infiltration for Grand Piano; The Pack* of enige ander werk.
Laat studente toe om die algemene doelstellings van die beweging te bespreek. Kies uit aardkuns, vertoonkuns, nuwe media en rekenaargrafika om die belangrikheid van dokumentasie van die kunswerk te bespreek. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou